# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 SEPTEMBER 2025 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. J Erasmus | : | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Me. W Prins | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. AJ Willemse | : | Projekbestuur Assistent *(sluit aan om 09:47)* |
| Mev. RC Gerber | : | Komitee Beampte |

***

**AKSIE**

**BKN033/09/2025**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna 'n oomblik van stilte gehandhaaf word.

***

**BKN034/09/2025**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Tegniese Dienste – vakansieverlof (Bestuurder: Elektriese Ingenieursdienste staan in)
Interne Ouditeur – siekverlof

***

**BKN035/09/2025**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN036/09/2025**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 26 AUGUSTUS 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 26 Augustus 2025 bekragtig word.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN037/09/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING: DINSDAG 26 AUGUSTUS 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 26 Augustus 2025.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN038/09/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 26 AUGUSTUS 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

BKN069/08/2025

Die Direkteur Gemeenskapsdienste rapporteer dat die oorblywende persoon, wat saam met sy ouma in die woning gewoon het, die perseel teen 31 Augustus 2025 moes ontruim het. Die persoon het egter versuim om uit te trek. Die Direkteur Gemeenskapsdienste onderneem om die aangeleentheid met die Hoof: Behuisingsadministrasie op te volg.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

Voorts rapporteer die Direkteur Gemeenskapsdienste dat die aanvanklike plan was om interne kapasiteit te gebruik vir die opknapping van die huise. Weens onvoldoende interne kapasiteit is daar egter besluit om eksterne kontrakteurs aan te stel. Die Hoof: Behuisingsadministrasie het drie kwotasies aangevra. Die Direkteur Gemeenskapsdienste onderneem om toe te sien dat die kontrakteurs teen Vrydag 03 Oktober 2025 op terrein sal wees ten einde hul kwotasies teen Maandag 06 Oktober 2025 in te dien.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

Raadsheer Wessels onderneem om 'n verslag oor die drie huise wat gesloop moet word aan die Uitvoerende Burgemeester te voorsien.

***RAADSHEER WESSELS EN DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

***(Die Voorsitter reël dat item BKA041 voor item BKA039 hanteer word)***

**BKN041/09/2025**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: PROVINCIAL DEPARTMENT OF INFRASTRUCTURE-EPWP**
**3/3/1/5**

The Chairperson introduced the item, whereafter ms. Pat Jenniker of the Provincial Department of Infrastructure introduced the delegates, mr. Johan Cloete (Co-Ordinator EPWP), ms. Kaylin Mouton (West Coast Regional Co-Ordinator: EPWP) and mr, Thabit Rajap (Assistant Director: EPWP Co-ordination) to the Committee.

Mr. Johan Cloete provided with a visual presentation to the Committee for informational purposes.

***(The Project Management Assistant joined the meeting at 09:47)***

Various inputs and comments were provided by the Committee.

The Chairperson thanked the delegation for an informative presentation.

***

***(Die afvaardigings en die Projekbestuur Assistent verlaat die vergadering om 10:27)***

**BKN039/09/2025**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN040/09/2025**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Verklarings/mededelings deur die Munisipale Bestuurder:

- Dat die Speaker se skoonma oorlede is en wens sy hom en sy familie sterkte toe in die moeilike tyd.

Verklarings/mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester:

- Hy wens die matrikulante in die Bergrivier area sterkte toe met hul komende matriekafskeide.

***

**BKN042/09/2025**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Raadsheer Daniels rapporteer dat hy 'n navraag ontvang het rakende die konsep Waterdienste-ontwikkelingsplan, wat tans deel vorm van die publieke deelnameproses. Die dokument behoort op die munisipale webtuiste beskikbaar te wees, maar dit blyk dat dit nie daar gelaai is nie.

Die Munisipale Bestuurder onderneem om na afloop van die vergadering, saam met die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste, te verifieer of die dokument wel op die webtuiste geplaas is.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN043/09/2025**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFSBEGROTING**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

Die Voorsitter spreek sy kommer uit dat die Procurement Plan nie gereeld aan die Komitee voorgelê word nie, ten spyte daarvan dat dit 'n staande item op die agenda is.

Die Direkteur van Finansiële Dienste neem kennis van die Voorsitter se bekommernis en onderneem om voortaan maandeliks oor die aangeleentheid te rapporteer.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN044/09/2025**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: ESTABLISHMENT OF AN INTERNAL DISASTER RISK MANAGEMENT ADVISORY FORUM**
**9/1/2**

Die Direkteur Gemeenskapsdienste lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**RESOLVED**

1. That the Executive Mayoral Committee take note of the report; and
2. That paragraph 2 (4) be amended as follows: *"…must support the intent of Bergrivier Local **Municipality** towards…"*

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

**BKN045/09/2025**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: SECURITY OF COUNCILLORS: DETERMINATION OF UPPER LIMITS OF DIFFERENT MEMBERS OF MUNICIPAL COUNCILS FOR 2023/2024 AND 2024/2025 FINANCIAL YEARS AND KEY FEATURES OF THE NOTICE REFERRING TO THE SECURITY OF COUNCILLORS**
**9/1/2**

***(Item word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Raadsheer De Vries lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**RESOLVED**

1. That a Policy be established and approved by Council to affect determining of threat risk by the South African Police Services applicable to the specific categories as outlined by the Regulations;
2. That effect be given to the implementation of the Regulation as per the Upper Limits determination of Municipal Councils with specific reference to:
   a) Determine specific security measures to be implemented to ensure compliance with regulations including safeguarding of residences, office/working environment and travelling arrangements;
   b) Determine administration- and budgetary requirements and the provision thereof;
   c) Determine the Administrative accountability for the implementation and administration of approved requirements to be confirmed by assigned delegated authority by Council;
3. That the Municipal Manager be tasked with the drafting of a Policy; and
4. That the policy be discussed at the Formal Directors meeting scheduled for Monday 13 October 2025.

***MUNICIPAL MANAGER (13/10/2025)***

***

**BKN046/09/2025**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: DRAFT WATER AND SANITATION SERVICES BY-LAW, 2024**
**9/1/2**

***(Item word ter tafel gelê – Bylae A)***

Raadsheer De Vries lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**BESLUIT**

1. Dat onmiddellike uitvoering gegee word aan die ontwikkeling van die toepaslike verordening;
2. Dat die Portefeulje Voorsitter van Tegniese Dienste dringend 'n gesprek fasiliteer om rigting te verkry oor die wyse waarop Bergrivier Munisipaliteit water voorsien tydens kritieke tye / noodsituasies; en
3. Dat 'n vergadering gereël word met die Morawiese Kerk ten einde die kontrak te bespreek, asook die verantwoordelikhede van die kerk met betrekking tot water voorsiening.

***RAADSHEER DE VRIES EN DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN046/09/2025**
**TERUGVOER VANAF PORTEFEULJE VOORSITTERS OOR EKSTERNE VERGADERINGS BYGEWOON EN TERUGVOER RAKENDE EEN-OP-EENS MET RELEVANTE DIREKTEURE**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en gee geleentheid aan die Portefeulje Voorsitters om terugvoering te gee aan die Komitee.

Tegniese Dienste

- Daar word gemeld dat die begroting voorsiening maak vir die opgradering van grondpaaie in die nywerheidsgebied van Velddrif, hoewel spesifieke paaie nie aanvanklik aangedui is nie. Die kosteberekening is intussen voltooi en sal tydens die volgende vergadering van die Tegniese Dienste Komitee bespreek word, waarna dit na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys sal word; en
- Daar word versoek dat oorweging geskenk word aan die toekenning van oorkondes aan individue wat buitengewone diens aan die gemeenskap lewer het en 'n betekenisvolle bydrae tot die gemeenskap maak.

  Die Munisipale Bestuurder bevestig dat daar reeds 'n beleid bestaan wat deur Korporatiewe Dienste hanteer word. Die Direkteur Korporatiewe Dienste word versoek om die kriteria vir sodanige erkenning te oorweeg.

  ***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

Gemeenskapsdienste

- Geen

Finansiële Dienste

Die Voorsitter versoek dat daar dringend aandag gegee word aan die volgende beweringe:

- Dat kragverkopers 'n onbeduidende kommissie van die diensverskaffer ontvang, wat aanleiding gee tot die heffing van 'n addisionele fooi deur die verkopers vir kragaankope;
- Dat Shoprite 'n gerieflikheidsfooi van R1.30 hef vir die aankoop van elektrisiteit; en
- Dat Contour nog kommissie aan sekere verkopers verskuldig is.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Die Voorsitter versoek verder dat die bepalings van die kontrak met die diensverskaffer nagegaan word om die beweringe te verifieer.

Korporatiewe Dienste

- Daar is gerapporteer dat die direktoraat se Strategiese Sessie op Donderdag 18 en Vrydag 19 September 2025 plaasgevind het. Die voorleggings wat tydens die sessie gedoen is sal voorgelê word by die volgende Korporatiewe Dienste Komiteevergadering geskeduleer vir Dinsdag 07 Oktober 2025; en
- Daar is verder gemeld dat die publieke deelnameproses rakende die herbenoeming van die Noordhoek Gemeenskapsaal op Maandag 22 September 2025 gesluit het. Geen besware is ontvang nie, en die aangeleentheid sal na die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering verwys word.

  ***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

Uitvoerende Burgemeester

- Op navraag van die Voorsitter rakende Eikestraat 68, rapporteer die Direkteur Gemeenskapsdienste dat hy versoek het dat die item op die

agenda geplaas word vir bespreking tydens die Formele Direksievergadering wat geskeduleer is vir Maandag 13 Oktober 2025.

Raadsheer Daniels is van mening dat 'n sektorale gesprek, wat die breër konteks van wetstoepassing buite Bergrivier Munisipaliteit insluit, benodig word.

- Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Portefeulje Voorsitters die punte wat tydens die Strategiese Sessie van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bespreek is, ook by hul onderskeie direktorale Strategiese Sessies ter sprake bring.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN047/09/2025**
**VACANCY: CHAIRPERSON OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE**
**3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the Executive Mayoral Committee and Council take note of the vacancy on the Performance, Risk and Audit Committee and grant permission for the vacancy to be filled; and
2. That the attached advertisement will be placed in various newspapers as well as on the municipal website and notice boards during October 2025.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**BKN048/09/2025**
**PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE: ANNUAL PERFORMANCE REPORT: 2024/2025**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the Performance, Risk and Audit Committee's Annual Performance Report for 2024/2025.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**BKN049/09/2025**
**VERTEENWOORDIGERS OP BUITELIGGAME EN ANDER RAADSAANGELEENTHEDE**
**3/2/2**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in.

Verskeie wysigings word uitgewys deur die Komitee, waarna die Direkteur Korporatiewe Dienste versoek word om die wysigings op die verslag aan te bring voor die Raadsvergadering geskeduleer vir 14:00.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die aangehegte lys van Verteenwoordigers op Buiteliggame en ander Raadsaangeleenthede goedkeur.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN050/09/2025**
**<u>CORPORATE SOCIAL INVESTMENT AND RELIEF FUNDING POLICY</u>**
**5/1/B**

Raadsheer Daniels lei die item in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Finansiële Dienste Komitee vir verdere bespreking.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN051/09/2025**
**<u>DEERNIS BELEID</u>**
**5/1/B**

Die Voorsitter open die bespreking en spreek sy kommer uit oor die inkonsekwente toepassing van die bepalings vervat in Hoofstuk 4 van die beleid deur die Administrasie. Hy verwys spesifiek na gevalle waar SASSA-pensioenarisse en ontvangers van ongeskiktheidstoelae aansoek doen, en waar van hulle verwag word om bewys te lewer van die totale inkomste van alle inwoners op die perseel.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Direkteur van Finansiële Dienste toesien tot die konsekwente toepassing van die beleid.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN052/09/2025**
**<u>POLICY FOR THE NAMING AND RENAMING OF COMMUNITY FACILITIES</u>**
**17/7/5/B**

Raadsheer Wessels lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**<u>RESOLVED</u>**

1. That paragraph 9.2.2 be amended as follows: *"The Directorate of Community Services will receive such an application and table it to the Community Services Standing Committee for **notification**. Once the Community Services Standing Committee has considered the matter, a report will be tabled to the Mayoral Committee for their **inputs**. Once the Mayoral Committee has given its **input** for the application, **all applications with merit** will be referred to the Advisory Panel for **evaluation**, whereafter it will be dealt with in terms of Section 11 below."*; and
2. That the policy be referred to the Executive Mayoral Committee scheduled for Tuesday 14 October 2025 for decision regarding the composition of the Advisory Panel.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES (14/10/2025)***

***

**BKN053/09/2025**
**<u>MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN054/09/2025**
**<u>MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN055/09/2025**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN056/09/2025**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die amptenare verlaat die vergadering om 12:13, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Direkteur Finansiële Dienste en die Komitee Beampte die vergadering in-komitee voortsit)***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:42*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***